DROOM 9: BRIEWE, VRAE EN TERUGVOERING!

CALITZDORP

Droom vir Calitzdorp is nie ‘n naam nie, dit is ‘n aksie. Geen beter voorbeeld hiervan is te sien as met die vordering wat tot dusver gemaak is met individuele projekte nie. Hierdie projekte word aangepak sonder eksterne befondsing. Dit word gedryf deur gewone mense met ‘n ongewone passievolle behoefte aan verandering en liefde vir hulle gemeenskap.

Bogenoemde passie het duidelik na vore gekom in die vullisverwyderingsinisiatief gedryf deur Me Suzette Bokpas en Me Briëtte Barry en ‘n groepie kinders van Bergsig. Meer as 200 sakke vullis is alreeds bymekaar gemaak teen die walle aangrensend tot die R62. Die projek gaan steeds voort en groei teen ‘n verstommende pas. Voorbeelde soos hierdie is slegs die begin van ‘n inisiatief wat die Dromers, soos belangstellendes en hardwerkende deelnemers aan die inisiatief hulself noem, graag op groter skaal in die Calitzdorp en Bergsig gemeenskappe wil inisiëer. Ons groot dank aan Kannaland Munisipaliteit en in besonder vir Me Jessica Fuller wat die reëlings getref het, vir die borg van die vullissakke vir hierdie inisiatief.

Onderskeie individuele projekte is tans in werking en steeds meer word beplan soos meer gemeenskapslede betrokke raak. Daar word tans beplan aan ‘n Gemeenskapsdag op Saterdag 1 September. Dit sal verskeie aktiwiteite wat verband hou met gemeenskapstrots, bewusmaking aangaande die Droomprojek, bewusmakings- veldtogte deur diensleweringsorganisasies, kosstalletjies, handwerkstalletjies en musiek insluit. Dit het sterk na vore gekom in die Droom vir Calitzdorp-byeenkomste dat mense onbewustelik gedeelde belange in onderskeie opgraderingsprojekte het. As individu is die struikelblokke om ‘n suksesvolle verandering te maak soveel meer as wanneer ‘n groep dieselfde inisiatief aanpak. Dit is dus ten doel gestel om die Droomprojek nie met die stigma van eksklusiwiteit te etiketteer nie, maar dit aan die hele gemeenskap bekend te stel.

Droom vir Calitzdorp se Facebook blad is reeds aktief en vordering kan hierop dopgehou word. Nuwe fotos word op ‘n gereelde basis geplaas en op datum gebring soos projekte afgehandel word. Besoek gerus die blad by www.facebook.com/dream4calitzdorp

PetroSA se skenking van 30 vullisdromme en ‘n verdere skenking van 10 vullisdromme deur Rawson Eiendomme het die Droomprojek die afgelope maand ‘n hupstoot gegee. As gemeenskap kan ons nie ongelukkig wees oor rommel in ons strate, as daar nie genoegsame voorsiening van vullisdromme is nie. So ook kan ons nie kla oor probleme in ons gemeenskap as ons nie ‘n aktiewe rol speel in die vind van oplossings nie. Die verantwoordelikheid berus by elkeen van ons. Groot of klein, jonk of oud, arm of welgesteld. Jy as individu het die vermoë, as deel van ‘n groep, om ‘n bydrae te lewer. ‘n Bydrae veel groter as wat jy ooit kan droom.

Dromers moet nie aangesien word vir persone wat slegs vorendag kom met idees nie. Dromers is ook die mense wat die dryfveer is in die uitvoer van hierdie idees. Dit is hulle wie genoeg geloof in hulle idees het om dit tot die einde deur te voer. Maak jyself vandag die verskil van wat jy graag wil sien, moenie wag op iemand anders of die verantwoordelikheid aan iemand anders oordra nie. Dromers wil en kan.

As jy wil deel wees van die Droom vir Calitzdorp-inisiatief kontak enige van die volgende persone ten einde die kommunikasie te ontvang: Moira Strauss: 082 959 3556; Calitzdorp Toerisme: 044 213 3775; Retief van der Walt: 083 561 0131; Cheryl de Villiers: 081 473 3232

PAUL ROUX

Paul Roux Nuus

EDITION 4/2012 - JULIE/AUGUSTUS 2012
Die Telegraaf - Richard gesels...

Dit was ‘n interessante begin vir my as Voorsitter— nie net vanwee Forum sake nie, maar onlangs het ‘n tornado Paul Roux net-net gemis, ons het sneeu gehad en bitter koue weer.

Ten spyte van die weer het baie dinge hier in ons mooi dorpie gebeur:
. Baie huise word reggemaak. Ek dink ek het sedert verlede week meer as 10 huise getel waaraan gewerk word.
. Die paaie in die dorp is regtig mooi herstel en ons wil net vir Ruben Evans en sy span bedank hiervoor.
. ‘n Forum lid, Anthony Hawley het twee spreiligte aan die NG Kerk geskenk en dit is wonderlik om dit te sien brand in die aand—vir almal om te sien.
. Paul Roux Forum het twee projekte by die Droom aksie in Suid-Afrika geregistreer waarvan een die rehabilitasie van die vleilande en damme van Paul Roux is en die ander om die dorp esteties mooi te maak vir die gemeenskap asook toeriste deur blomme en plante te plant al langs die hoofingang. Renee het een geregistreer waardeur die kinders van Fateng-Tse-Ntsho geleer gaan word om na hulle honde te kyk om sodoende te probeer om die haglike omstandighede waarin baie van hulle lewe te verbeter. Verandering begin altyd met bewusmaking en in die geval begin dit met die opvoeding van die kind. . Dereck Petersen and I have both made submissions to the Spatial Development Plan drafting that is currently taking place and which deals with the Fateng-Tse-Ntho planning, placing of RDP housing, upgrade of roads and facilities, etc.
. Our efforts to have the Wetlands Rehabilitation project taken on by Dihlabeng Municipality (Bethlehem Office) has been frustrating as we just can’t get answers from anyone, but now the provincial department of Environmental Affairs has shown an interest and it seems that we may get this project funded after all by die province.
. The Rehabilitation Project would be the first step towards declaring the areas around the dams and the koppie a ‘Conservancy’ and this is something the Reg and Charmaine Humphrey and I will be following up on the 25th August when the NATIONAL ASSOCIATION of CONSERVANCIES\STEWARDSHIPS of SA has their their AGM weekend at Fouriesburg over that weekend, and at which I will be a guest speaker. It will be an ideal opportunity to gather support for our efforts.
. We continue to have a problem with cows wandering unattended through the village. The agreement is that they may graze on the overgrown ervern in the village but only if under supervision. Often this is not the case and those people that make an effort to create beautiful pavement gardens in front of their houses end up pulling their hair out when they discover that all of their hard work has been eaten up. This will have to be more full addressed as the livestock owners are not keeping to the law of the arrangement in this regard.
Oor die algemeen lyk dit asof dinge in Paul Roux beter gaan en dat mense bewus raak van ons dorpie. ‘n Eiendomsagent het my vertel dat daar hernieude belangstelling is in Paul Roux in beide die koop en huur van eiendomme. Ek dink ons almal kan saamstem dat ons dorpie ‘n karakter het van sy eie wat Paul Roux uniek maak.

Ek sien uit na die pad vorentoe—Paul Roux bly oorleef en het soveel moontlikhede.

Finally, I urge you to please take up membership with the Forum, and get down to The Pink Tricyle Tea Room to get your ‘Proud Paul Rooster’ T-Shirt.

KURUMAN

Marda <bnmarda@xsinet.co.za> skyf:

Hallo Theuns, Wil net graag die goeie nuus meedeel dat ons 'n afspraak met iemand by die Munisipaliteit gehad het op Dinsdag, 24 Julie. Die raadslid was verras oor die positiewe gesindheid en entoesiasme waarmee ons hierdie projekte wil aanpak. Sy't genoem dat dit die heel eerste keer is dat iemand in Kuruman 'n positiewe bydrae wil lewer. Kan jy glo? Ons is opgewonde. Sy is egter nie die persoon wat die goedkeuring moet gee nie, en ons briefie is nou op pad na die Bestuurder wat die jawoord moet gee.

Ek hoop om binne die volgende twee weke ons eerste foto en doendinge deur te gee.

Hoe werk dit as ons jou wil nader vir 'n voorlegging, motiveringspraatjie in Kuruman? Wat sal die koste beloop? Ons dink aan dit.....laat my asseblief weet.

Groete, Marda

Ons het gesels oor die koms na Kuruman, maar ons dink daaraan om dit DV vroeg vlg jaar te doen.....so Februarie se kant. Dit gee ons kans om ons dorp voor te berei. Ons eerste twee projekte wil ons afhandel voor Oktober....en soos jy weet, staan alles dan tot einde Januarie. Sal 'n datum bespreek en deurgee aan jou.

Groete, Marda

BETHAL

Ingrid Human <ihuman@vodamail.co.za> skryf:

Hallo Theuns, on shier in Bethal het ook bietjie stoom verloor, maar ek sal nie los nie, n mens moet maar bly die mense saam sleep, maar dis nou moeiliker as in die begin, so bly motiveer asseblief!

Groete, Ingrid

Onthou niemand het gesê dis maanskyn en rose nie dit kom eers na die tyd. Sterkte en ons hou julle dop. Vra maar as daar haakplekke is

OUDTSHOORN

Ek het ook net goeie terugvoer gekry van die Droom-aand; klink my dat ons die regte hoofmeisie het wat dit sal kan dryf!

Dromers kom byeen

JACQUES SWART

OUDTSHOORN - Theuns Coetzee het Dinsdagaand 'n groep belangstellendes by Turnberry Lodge kom toespreek oor die moontlikhede wat die Droom vir Suid-Afrika-projek vir dorpe en gemeenskappe inhou.

Coetzee, die dryfveer agter die projek, het Droom vir Suid-Afrika as "'n sielkunde-projek" beskryf. "Sielkunde en politiek loop nie saam nie," het Coetzee verduidelik. Die apolitiese-projek beoog om gemeenskappe wat deur hul politieke affiliasies van mekaar vervreem is, deur gemeenskaplike doelwitte te betrek. Deur verbeteringe aan die omgewing aan te bring, het Coetzee vertel, word daar ook 'n toekomsvisie by mense en gemeenskappe tuisgebring.

Hy het ook uit vorige projekte aangehaal en vertel dat wesentlike verbeteringe in infrastruktuur, behuising, werkskepping asook toerisme positiewe uitvloeisels mag wees. "Dit is tyd vir die gemeenskap om te besef dat hulle self moet inspring en werk maak van die situasie, sonder om te sit en wag vir 'n munisipaliteit of raadslede. Julle sit vanaand hier in erkenning dat julle iets beter vir jul dorp wil kry."

Sommige van die Oudtshoornlete wat die aand bygewoon het en saam oor die droom vir Oudtshoorn gesels het. Van links staan kaptein Johan Terblanche, Charlee Basson en Brett Pyper met Theuns Coetzee en Beatrice Herder, beide van Droom vir Suid-Afrika. *Foto: Jacques Swart*

Verskeie mede-dromers het die geleentheid gebruik om van hul projekte te vertel. Die plant van bome tydens Mandeladag sowel as wêreldomgewingsdag, asook projekte om die rivieroewer skoon te maak is reeds aangepak. Koördineerders het hulself aan die einde van die vergadering beskikbaargestel. Die Oudtshoorn-dromers beoog nou om teen 15 Augustus 'n volledige werksplan met beoogde projekte vir die dorp saam te stel.

Hendrik Marthinus van der Mescht (61), almal ken hom as Basie, met Jan-Hendrik Zeelie (82) staan op die hoek van Theron- en Victoriastraat. Hy het 'n aantal jare gelede reeds die munisipaliteit genader vir hierdie erf, vertel Van der Mescht. Die twee manne het self begin om bosse uit te kap en kaktusse aan te plant. Hulle is 'n sprekende voorbeeld van dit wat die droom-projek probeer bereik. *Foto: Jacques Swart*

Citrusdal *DROOM*

Mooier Skoner Groener

NUUSBRIEF (2)

15 Junie 2012 was ons eerste Droom-byeenkoms. Tyd vlieg, maar ons het nie geslaap nie! Glo almal het die vakansie geniet en sien kans vir groot DROME! Julle sal voortaan 'n nuusbrief per maand kry. Lees dit ASSEBLIEF en bied julle hulp aan waar julle kan.

WERKING

Droom gaan net werk as elkeen sy deel doen! Ons is saam in hierdie ding! Ons gaan werk met mense se TROTS en mense se SKAAM… Indien jou besigheid of sypaadjie 'stunning' lyk, voel jy en jou kliënte TROTS daarop. Jou buurman gaan SKAAM word en syne ook regruk. So eenvoudig soos dit.

PROJEKTE

1. Sypaadjiekompetisie!

- Beoordeling **Dinsdag 2 Oktober 2012!**
- Inskrywings gratis – sal by besighede omgaan
- Lekker pryse
- Vier kategorieë

2011 s'n was 'n groot sukses met 19 inskrywings!
Kategorieë & wenners vir 2011 : netheid (N7 Koeriers), kreatiwiteit (SPAR), mooi (De Lovely) en moeite gedoen (Aptekor).
Baie dankie aan ALMAL wat deelgeneem en mooigemaak het!
Begin met julle beplanning, 2 maande lê voor vir voorbereiding!

2. Projek DEEL!

- Moenie steggies weggooi nie. Deel dit uit aan mense met mooi tuintjies wat WIL plant
- Plant opslagboompies in jou tuin uit in plantsakkies (verkieslik inheems). Ons gee dit weer aan iemand wat nie het nie of plant 'n boomlaning! September is Nasionale boomplantmaand.